

PERDE GEE ONS VLERKE!

Dié viervoetige vriende gee gestremde kinders nie net fisieke oefening nie, dit help hulle ook op ’n emosionele vlak

Deur Yvonne Beyers
Foto’s: Dino Codevilla

DAAR is nie woorde nie, nie ’n wysie nie, maar dis onmiskenbaar: Hier op die plaas het ’n seuntjie skielik begin sing. Sonbesies tjir, perdehoewe klop-klop al in die rondte in die arena aan die voet van die heuwels by Hartbeespoort, en Frans Jooste (7) sing: “La, la, la, la, la, laaaa!”

“Sing jy lekker, Boeta? Sit jy lekker daar bo? Jy moet mooi ry, hoor!” roep Hermien Jooste waar sy haar jongste van ’n afstand af dophou. Hy loer vir sy ma, lig sy stemmetjie nog ’n oktaaf hoër en grawe sy vingers dieper in die maanhaar van die perd wat hom geduldig dra.

Vir Hermien is dit ’n klein wonderwerkie wat sy vandag aanskou. Die blondekoppie is met Down se sindroom gebore, en sy spiertonus was so swak dat hy bitter min beheer oor sy spiere gehad het.

“Toe Fransie gebore is, het my lewe verander,” vertel dié ma van Hartbeespoort. “Ek het geduld, deernis en onvoorwaardelike liefde aangeleer. Hy het my lewe kom verryk, en ek sal enigiets vir hom doen.

“Toe hy ’n jaar oud was, het ek besluit om hom te leer perdry. Ek ry self al sedert kleintyd perd, en het geweet dit kan jou spiertonus versterk. Maar die effek op Frans was ongelooflik – dit het hom ook geleer balanseer.”

Fransie is vandag ’n sterk knapie, en wanneer hy jou spontaan omhels, druk hy jou stewig in sy kinderarmpies vas. Hy is ook die ene vrolike selfvertroue. “Dit gee hom ’n gevoel van vryheid om perd te ry. Dis bemagtigend vir hom,” sê Hermien trots.

Maar Frans is nie die enigste kind wat onder Hermien se waaksame oë by perdrylesse baat vind nie. Die aardse vrou met die helderblou oë bied sedert middel verlede jaar perdrylesse vir gestremde kinders aan by die Maestro-perdrysentrum op die rasperstem-sanger Dozi se plaas by Hartbeespoort.

Sy en Dozi se plaasbestuurder, Calla Schutzler, was kennisse. En toe sy besluit om perdrylesse vir gestremde kinders aan te bied, het Calla voorgestel dat sy met Dozi gaan praat.

Sy liedjie Ou Ryperd was nie verniet destyds so ’n treffer nie – hy’s ’n man met groot respek vir perde, en dis ooglopend dat hy Hermien bewonder vir haar werk. “Haar werk met die perde en die kinders is wonderlik; sy gee regtig om vir diere en vir mense,” sê die reus.

“Ek en Dozi verstaan mekaar. Hy het ’n passie vir musiek en ek het ’n passie vir perde. Ons respekteer mekaar,” sê Hermien oor haar kameraad.

SY HUUR Dozi se perdestalle by hom, en die sanger het spesiaal vir haar ’n arena laat bou waar sy gestremde kinders van heinde en ver kan leer perdry.

Die vrou met die aansteeklike entoesiasme gee individueel en in groepe vir gestremde kinders klas, en sowat 25 kinders het weekliks sessies by haar. En ná ’n sessie van 25 minute op die rug van die sagmoedige Malinke, die blinde Angie, die kordate Nugget of Dozi se eie wit perd, Miertjie, lyk hulle meestal rustiger en gelukkiger as tevore.

Die rede hiervoor is dat die perdry gestremde kinders nie net op ’n fisieke vlak help nie; dit gee hulle ook emosioneel vlerke.

“Perdry help gestremde kinders op soveel maniere,” vertel Hermien. “As ’n kind swak spiertonus het, versterk perdry sy spiere en maak hom meer buigsaam. As ’n kind gereeld spasmas kry, help dit om sy spiere te ontspan. Die beweging van die perd se liggaam stimuleer sy spiere en help die vloei van suurstof na die brein.”

Dié unieke vorm van arbeidsterapie help om gestremde kinders se sensoriese en motoriese vaardighede te ontwikkel. Maar perde gee hierdie kinders ook iets om lief te hê. Dit laat hulle voel asof hulle tuishoort, want perde straal begrip, deernis, geduld en rustigheid uit.

> ‘Perde is nes mense. Hulle het ook ’n behoefte aan nabyheid’

En dis nie sommer verbeelding nie. Met ons besoek is die gestremde Corné van der Linden (14) van Pretoria “die ene *smiles*”, soos Hermien dit gepas opsom.

“Hy kom ry een maal per week by Hermien perd, en dis die beste dag van sy week,” vertel sy ouma Lena van der Linden.

“Toe Corné die eerste keer gekom het, wou hy nie op die perd se rug sit nie,” vertel Hermien. “Hy was bang, en sy lyfie was so swak dat hy vorentoe gesak en met sy voorkop op die perd se nek gerus het. Hy’t met die eerste paar besoeke gehuil, maar deesdae is hy mal oor die klasse. En sy spiertonus het baie verbeter – hy kan nou al regop sit!”

“Die perdryklasse doen wonder vir die kinders wat ons hierheen bring,” sê Marie Bosman, ’n onderwyser by die Meerhof-skool vir gestremde kinders buite Hartbeespoort. “Hulle is ná so ’n sessie rustiger en meer ontspanne. Dit gee hulle selfvertroue en help met hul selfbeeld.”

Maar perde word hier ook op nog ’n manier ingespan. Hermien se kollega, Laurette Venter, bied met behulp van die perde psigoterapie vir haar pasiënte aan.

Laurette, ’n kliniese sielkundige, sê ’n sessie met dié diere het merkwaardige terapeutiese waarde. “Perde is nes mense. Hulle het ook ’n behoefte aan nabyheid, liefde en aandag. Hulle is die meesters van verhoudings, want hulle handhaaf deurgaans die perfekte balans tussen nabyheid en afstand.

“ ’n Perd kan nie jok nie – as hy gemaklik voel, sal hy jou toelaat om teenaan hom te staan. As hy ongemaklik voel, sal hy wegbeweeg. Hoe rustiger jy is, hoe rustiger voel die perd, en omgekeerd. Die terapie maak mense kalm; dit laat hulle veilig en geanker voel. Hulle kry empatie en aanvaarding by die diere.”

Laurette se pasiënte, wat dikwels traumatiese ervarings beleef het, bring ’n sessie saam met een of twee perde in die arena deur. Hulle kan die perde streel, styf teenaan hulle staan of met hulle praat terwyl Laurette toekyk en ná die tyd kommentaar lewer of raad gee.

“Mense ervaar die terapie as bemagtigend, vertroostend en bevrydend,” sê sy.

By die ingang van die opstal waar Hermien en Laurette mense help om weer heel te voel, hang ’n bord met die woorde van die voormalige Britse premier Winston Churchill daarop. En nadat jy die intieme oomblikke tussen die perde en hul brose mensevriende aanskou het, moet jy saamstem: “*There is something about the outside of a horse that is good for the inside of a man.*” □

LINKS: Dozi het gesê Hermien kan haar klasse op sy plaas by Hartbeespoort aanbied. HEEL LINKS: Hermien bied perdrylesse vir gestremde kinders aan, en Laurette Venter gee met behulp van perde psigoterapie vir haar pasiënte. LINKS HEEL BO: Hermien Jooste het haar Downseuntjie, Frans, leer perdry.

ONDER: Esmerelda Oosthuizen lei Martha Matluhanne op Dozi se perd Miertjie tydens een van die groepsklasse.